

Liefdesbrief aan die wêreld

Poem by Frank X Walker, USA

Translation by Diana Ferrus, South Africa

Ek bemin jou wêreld
bemin jou sewe verskillende gesigte
bemin jou genesende waters
wyd en diep
bemin dit wat jy het met die son en die maan
en wat dit ons leer
oor kameraadskap
oor verandering
oor revolusie

ek bemin die spieël by jou naeltjie
hoe dit jou halfrondtes vertoon
belangrike lesse illustreer
oor balans
oor reflektering
oor hoe om onself te sentreer.....

ek bemin hoeveel soos klein wêrelde ons is
hoe ons aardbewing jou rilling is
jou nies 'n tsunami
'n stortvloed, 'n modderstorting

wanneer jy warmgloede kry
noem ons dit droogte
jy het eenkeer jou hele liggaam
met ys bedek om jou koors af te bring

wanneer jy huil, daaglik
oor ons voortgesette onkunde
ons epiëse mislukkings en kleinlike rusies
ons elke oortreding
dan breek jou waters en ons word weer gebore.

ek bemin jou uitreiking, ons wedersydse
aantrekking
jou aantrekkingskrag

vir elke skat wat ons uit jou skoot steel
stuur jy vir ons hael en donderstorms
wanneer ons gifstowwe uitdink en geen teenmiddels maak
en monumente aan onself bou

stuur jy tornado's en orkane
om ons daaraan te herinner hoe klein ons werklik is

en tog gaan jy voort om elke dag nederig te wees
om te inspireer en ons tot trane te bring
met jou natuurlike skoonheid

ons pogings om jou uitsig na te boots
is wat ons durf noem kuns en dans,
musiek en poësie
argitektuur en taal
en liefde
dit is die enigste wat ons ooit kon regky

ons kan nie die kursus in menslikheid slaag
as ons aanhou om die lesse in harmonie te druipe
en nie die vrees en haat kan afleer nie

Dankie wêreld vir hierdie oopboek-eksamen voor ons
vir jou volgehoue geloof
dat ons jou liefde waardig is

Ons wat jou swart bemin weet alreeds
dat alles wat ons doen aan jou
doen ons ook aan onself.